Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643′ E28°07.972′
(T): 011 907 9013/4 (F): 011 9071038

7 Oktober 2019
Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 13 (2019)

1. BEGROTINGSVERGADERING / BESIGTIGING VAN BEGROTING

U word herinner aan die Begrotingsvergadering wat op **Maandag, 4 November 2019,** om **19:00** in die skoolsaal plaasvind. Weens ‘n tydsbeperking kan ‘n gedetaileerde bespreking van die begroting nie tydens die vergadering plaasvind nie.

Ouers wat belangstel kan wel die gedetaileerde konsepbegroting vanaf Maandag, 28 Oktober, by die skool kom besigtig. Die begroting is by mev. Adri Shaw in Kamer 1, tussen 8:00 en 14:00 beskikbaar.

2. EERSTE BETALING VAN SKOOLGELD

U word herinner aan die eerste betaling van skoolgeld (R2 800) wat voor of op 30 November 2019 betaalbaar is.

3. AFSLUIT VAN STRAFPUNTE EN DETENSIE

Ons het in vorige omsendskrywes vir u inligting gegee t.o.v. die prosedures met die oordrag van strafpunte na 2020. Leerders se strafpunte moet teen 31 Oktober onder 50 wees om te verseker dat ‘n leerder 2020 met ‘n “skoon” rekord begin, dus met nul (0) strafpunte. Leerders met 50 en meer strafpunte se punte sal na 2020 oorgedra word.

Leerders wat strafpunte tydens die eksamen in November ontvang, se punte sal in Januarie 2019 op die strafpuntstaat gereflekteer word. Alhoewel ‘n leerder wat met onder 50 op 31 Oktober geëindig het na “0” verander sal word, **sal die punte wat in November ontvang word, wel na 2020 oorgedra word.**

4. MNR EN MEJ MARAIS VILJOEN

Hierdie glansryke geleentheid vind hierdie Vrydag om19:00 plaas. Daar sal nog ‘n paar kaartjies teen R50 elk by die deur beskikbaar wees.

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF

LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING